

## Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!**

### Parashah 20: Tetzaveh – Gee Opdrag

*Jy moet die kinders van Yisra 'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê. Ex. 27:20 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 27:20-30:10.

**Haftorah:** 1Sam. 15:2-34.

**Nuwe Verbond:** Joh. 1:29; Rom. 12:1; 1 Kor. 15:31; Heb. 5:1 tot 10; 7:26 en 27; Heb 12:14; Heb. 13:10 tot 17; 1 Pet. 1:15, 16 en 19; Open. 5:8 tot 10; Open. 8:3 en 4.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashah 20 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*We cannot see light, but we must have light to truly see. Yeshua Messiah is the Light by which we truly see the will of יהוה – Anonymous*

*God doesn't seek for golden vessels, and does not ask for silver ones, but He must have clean ones – Dwight L. Moody.*

*The man who cannot obey God cannot say that he loves or trusts his Master. If God knows best then how dare we interfere with His will? – Alan de Jager'*

*He [Yeshua] has a right to interrupt your life. He is Lord. When you accepted Him as Lord, you gave Him the right to help Himself to your life anytime He wants. – Henry Blackaby*

*The circumstances surrounding your birth is not as important as the opportunity to live life – Lailah Gifty Akita.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

## Torah Bespreking

### Hersiening

In verlede week se Torahskriflesing was daar begin met die bou van die Tabernakel – die Tent van Samekoms, ‘n afgesonderde plek, wat presies volgens יהוה se voorskrif gemaak moes word.

<sup>8</sup> Hulle moet ook vir My ‘n afgesonderde plek maak sodat Ek tussen hulle kan bly.

<sup>9</sup> Volgens alles wat Ek jou gaan wys; die bloudrukplan van die tabernakel en die bloudrukplan van alles wat daarby hoort; presies so moet julle dit maak. Ex. 25:8-9.

יהוה het van elkeen ‘n vrywillige bydrae volgens hartsbegeerte gevra – ‘n bydrae vanaf elkeen wie se hart hom opwek (Ex. 25:2). Hierdie is die eerste geleentheid wat Yisra’el uit dankbaarheid aan יהוה kon teruggee vir Sy oorfloedige onverdiende guns!

Die bou van die tabernakel neem ons terug na die eerste letter van die eerste woord van Torah, naamlik die *bet* van die woord *b’reisheet* (Gen. 1:1 – *In begin...*). Die letter *bet/vet* (ב) beteken *huis* of *tent* (letterlik) en *huishouding*, *hoof van die huis* en *koning op ‘n troon* (simbolies). Die letter *bet* is dus ‘n sinnebeeld van ‘n huis en ‘n huishouding en van die Vader van die huis, asook van ‘n koning en ‘n koninkryk. Hierdie huis en huishouding sinspeel dus op die huis van יהוה en dus op die tabernakel en later die tempel.

Daarom is die tabernakel ‘n afbeelding van die huis en die huishouding van Vader-God. Hiervolgens is dit dus duidelik dat dit van die begin af יהוה se bedoeling en begeerte was om hier op aarde ‘n huishouding (koninkryk) met kinders te skape waarvan Hy die Hoof (Vader en Koning) is. Die gebed wat Yeshua ons geleer het om te bid, bevestig dit (Luk. 11:2).

*Wanneer julle bid, sê: Ons Vader wat in die hemel is, U Karakter en Outoriteit bly afgesonderd; laat U Koninkryk kom; laat U besluite uitgevoer word, net soos in die hemel, so ook op die aarde.*

Die numeriese waarde van *bet* is 2 en die letter is as te ware saamgestel uit drie *vav*'s (ו). *Vav* se numeriese waarde is 6 en dus is die numeriese waarde van die drie dele van *bet* gelyk aan 18, wat dieselfde numeriese waarde is as die woord *chai* wat lewe beteken. Omrede *bet* ‘n huis of tent simboliseer, en ook as voorvoegsel *in* of *tot in* beteken, is daar dus *lewe in die huis* of *lewe in die tent*. Hierdie lewe is Yeshua, want Hy is die weg na die waarheid wat die ewige lewe gee (Joh. 14:6).

יהוה se huis en huishouding is een waar ordelikheid en dissipline gehandhaaf word, waar beskerming teen die dief gevind kan word en waar lewe in oorfloed in Yeshua beskikbaar is (Joh. 10:10)! Daarom moet ons Vader-God se Torah – Sy huisreëls – nougeset gehoorsaam. Ons kan dit nie wysig volgens ons eie goeddinke nie!

Aangesien ons weet dat Yeshua van die begin af by יהוה was en ook יהוה is (Joh. 1:1-2), weet ons dat Yeshua die bouer van die huis (tabernakel) is (Joh. 1:3 en Heb. 3:4 – Hy het die huis gebou) en weet ons dat Hy aangestel is as die Hoof van die huis (Heb. 3:1-6). Onthou: Joh. 1:1 in Hebreeus begin ook met *b’reisheet*, naamlik *in begin.....*

In die lig van bogenoemde kry Joh. 1:14 ‘nuwe’ betekenis, naamlik Yeshua het onder ons kom woon (kom tabernakel). Die Hoof (Koning) van die huis (koninkryk) het na die aarde

gekom om in ons midde te woon!! Yeshua se liggaam was die woning (*Bet-El*) van יהוה. Die tabernakel is 'n afbeelding hiervan. Elkeen wat wedergebore is en gehoorsam is aan יהוה se Torah soos dit in Yeshua vervul is, is die tempel van die Afgesonderde Gees (1Kor. 3:16 en 1Kor. 6:16).

Omrede die letter *bet* die tweede letter van die Hebreeuse alfabet (*alephbet*) is, word dit ook met die boek Exodus (*Sh'mot*) verbind, want Exodus is die tweede boek van Torah en dit gaan grootliks oor die bou van 'n huis (tabernakel) en die vestiging van 'n huishouding, naamlik die huis van Yisra'el bestaande uit die twaalf stamme en 'n priesterdom.

## Hartsake

Die bou van die tabernakel was dus 'n hartsaak van elke individu en korporatief van die hele volk. So ook is die 'bou' van elkeen se liggaam as tabernakel – as 'n woning van die Afgesonderde Gees – ook 'n hartsaak! En so ook moet die 'bou' van die gemeente as die liggaam van Yeshua eweneens 'n hartsaak wees.

Gemotiveerd deur liefde vir Vader-God moet elkeen met 'n vrywillige gesindheid 'n bydrae lewer om sy / haar liggaam 'n tabernakel (Hebreeus: *mishkan*) van die Afgesonderde Gees te maak. Let daarop dat die verantwoordelikheid by elke individu berus om volgens eie hartsbegeerte 'n vrywillige bydrae te maak. Paulus verduidelik dit soos volg Rom. 12:1-2:

<sup>1</sup> My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

<sup>2</sup> en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.

Die vrywillige bydrae wat elkeen lewer is om sy liggaam beskikbaar te stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer vir God, en tweedens, om 'n vernuwing van denke te ondergaan. Indien ons hierdie twee dinge doen sal ons kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Dan sal ons elkeen 'n lewende steen word in die ware tempel van יהוה.

Julle word net so as lewende stene opgebou en julle het 'n geestelike tempel en afgesonderde priesters geword, om geestelike offers te bring wat vir God aanvaarbaar is deur Yeshua, Die Gesalfde Een. 1 Pet. 2:5.

Ons is nou kinders van die familie van יהוה wat opgebou word op die fondasie van die apostels (afgevaardigdes) en die profete met Yeshua wat self die hoeksteen is. In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה en 'n woning van die Gees van Afsondering!

<sup>19</sup> Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

<sup>20</sup> Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou.

<sup>21</sup> In Hom word die hele gebou aanmekaar gesit en dit groei tot 'n afgesonderde tempel in eenheid met יהוה

<sup>22</sup> terwyl julle ook vir Hom gebou word tot 'n blyplek van God in die Gees. Efes. 2:19 tot 22

As koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9) volgens die orde van Malki-Tzedek is ons aangestel oor die huis van יהוה. Ons Ewige Hoofpriester is Yeshua aan wie die hele huis van יהוה toevertrou is.

<sup>5</sup> Moshe was as 'n dienskneg toevertrou met die hele huis, tot getuienis van wat nog deur Hom gesê sou word,

<sup>6</sup> maar Die Gesalfde Een as Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis as ons die vrymoedigheid en die trots van Sy goeie Boodskap tot die einde toe vashou. Heb. 3:5-6.

Moses was as dienskneg van יהוה oor die huis van Yisra'el aangestel en hy het getuig van die groter heerlijkheid wat sou kom. Yeshua is egter as Seun van יהוה aangestel oor die hele huis van Yisra'el, naamlik almal (Jood en nie-Jood) wat vertrou in Yeshua as die Die Gesalfde Een en na Sy stem (Sy onderrig en instruksies) luister.

Gehoorzaamheid aan alles wat Yeshua ons geleer het, en aan die instruksies wat gevolg het op die folterdood en opstanding van Yeshua en soos dit in die Apostoliese Skrifte uiteengesit word, is 'n hartsaak. Dit is soos 'n bruid wat uit liefde vrywillig onder die beskerming van haar bruidegom staan om hom te volg en sy hulp te wees. Die Torah van Yeshua is nie 'n kontrolelys van moets en moenies nie. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה, soos in Yeshua vervul is, net die dooie letter van die wet wees!!

Volgens die wyse wat die gemeente van Handeling, en elke gemeente wat hulle gevestig het, as liggaam gefunksioneer het, is dit baie duidelik dat die Levitiese priesterorde verby was. Elkeen wat deel word van die gemeente (die liggaam van Yeshua) het in 'n aanspreeklikheidsverhouding met die leierskap en die gemeente gestaan – geestelik, sedelik en finansieël! Daar was nie meer sprake van die gee van tiendes aan die Tempel nie.

Onthou ook die woorde van Yeshua toe Hy die skrifgeleerdes en die Fariseërs berispe het: *Let op, julle huis word verlaat en vir julle woens gelaat* (Matt. 23:38). Volgens die taalgebruik is dit duidelik dat dit reeds op daardie tydstip besig was om te gebeur dat יהוה Sy teenwoordigheid van die tempel af onttrek. Soos Abraham gee ons nou tiendes aan Malki-Tzedek vir die bou en instandhouding van יהוה se tempel – die koninkryk – wat nie die handewerk van mense is nie.

maar Die Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van hierdie geskepte dinge is nie. Heb. 9:11.

<sup>24</sup> want Die Gesalfde Een het nie ingegaan in 'n Afgesonderde Plek met hande gemaak, 'n bloudrukplan van die ware een, nie, maar in die hemel self waar Hy in die Teenwoordigheid van God namens ons verskyn;

<sup>25</sup> ook nie om Homself gereeld te offer, soos wat die hoofpriester elke jaar in die Mees Afgesonderde ingegaan het met bloed wat nie sy eie was nie,

<sup>26</sup> want dan moes Hy gereeld gely het, van die begin van die wêreld af, maar nou het Hy een maal tydens die einde van die tye Homself geoffer, om die sonde deur Sy offer te vernietig. Heb. 9:24-26.

Dit is so belangrik om te verstaan dat Yeshua as die Ewige Hoofpriester nie met sy eie bloed in die aardse tempel ingegaan het om versoening te doen nie, maar in die ware hemelse tabernakel van יהוה. Dit opsigself is genoeg rede om te beseft dat die Levitiese priesterorde beëindig was en dat יהוה die tempel in Jerusalem verlaat het en dit woens gelaat het!

Gerrie Coetzee verduidelik dit soos volg in “God van die Verbond” (p 109):

Die standaard en instruksies van יהוה in die ou verbond is vervat in die Tanakh en is deur ‘n Levitiese priesterorde wat diens doen in ‘n fisiese tempel wat deur mense gebou is, toegepas.

Die standaard en instruksies van יהוה in die nuwe verbond is vervat in die ganse Skrif en word toegepas deur ‘n Melgisédék priesterorde wat diens doen in die tempel waar die Afgesonderde Gees woon, naamlik in en deur die liggaam van elkeen wat vertrou in Yeshua as die Gesalfde Een.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Dit is dus nou vir ons belangrik om die Torah van יהוה uit te leef soos dit in Yeshua Die Gesalfde Een vervul is. Dit kan net gedoen word in die krag van die Afgesonderde Gees van יהוה. Daarom lees ons in Hebreërs 7:11 dat daar geen volmaaktheid deur die Levitiese priesterskap was nie. Maar nou dat die volmaakte in Yeshua gekom het, is ons nie meer onder die Levitiese priesterskap nie!
1. Heb. 7:11 sê duidelik dat daar nie volkomendheid (volmaaktheid) deur die Levitiese priesterskap was nie! Waarom sal יהוה dan dit wat nie volmaaktheid kon bewerkstellig nie, weer instel?

### **Torah, Gehoorsaamheid en Seëninge**

Hierdie week se Torahskriflesing begin met יהוה se opdrag aan Moses:

Jy moet die kinders van Yisra’el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend ‘n brandende lamp te hê. Ex. 27:20

Moses moes hierdie opdrag ten opsigte van die olie vir die lampstaander (die menorah) nougeset uitvoer, asook elke ander opdrag wat יהוה aan hom gegee het. Hoekom? Sodat יהוה in hulle midde kon woon! יהוה se Torah – Sy instruksies en onderrig – is nie onderhandelbaar nie!

Daarom moet ons verstaan dat die oorhoofse doel van gehoorsaamheid aan Torah is sodat יהוה in ons midde kan woon!! Moses en Yisra’el was nie gehoorsaam om gered te word nie! Nee, hulle was gehoorsaam sodat יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid in hulle midde kon woon! In ons wildernistog van hierdie lewe wil ons hê dat יהוה in ons midde moet wees. Soos Moses kan ons ook sê: *“As U Teenwoordigheid nie saam met ons gaan nie, moet ons nie hiervandaan laat opgaan nie* (Ex. 33:15). Dit is beter om saam met יהוה in die wildernis te bly as sonder Hom in die Beloofde Land!

Ons Hemelse Vader herinner ons telkens daaraan dat wanneer ons gehoorsaam is aan Sy onderrig en instruksies, sal ons geseën word.

<sup>1</sup> Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde.

<sup>2</sup> Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam. Deut. 28:1-2.

In Hebreeus word die woorde *ywerig gehoorsaam* (om *sorgvuldig te hou* of *sorgvuldig onderhou*) geskryf as שמע שמע (*sh’ma sh’ma*). Hierdie Hebreeuse woord vir *gehoorsaam*,

naamlik *sh'ma*, het 'n dieperliggende betekenis as gehoorsaam soos ons dit verstaan. In die lig hiervan moet ons besef dat ons יהוה se seëninge nie noodwendig deur Torah-gehoorsaamheid ontvang nie, want ons kan nie יהוה manipuleer nie!!

Om dit te verstaan moet ons eerstens kyk na ons begrip van die betekenis van gehoorsaamheid, naamlik *om te handel volgens opdrag of instruksie of jy nou wil of nie*. Motief, gesindheid en verhouding is dus nie relevant nie, want jy tree op in jou eie belang! Jy is gehoorsaam omrede dit so voorgeskryf word! Gehoorsaamheid is dus 'n vleeslike reaksie, naamlik: Jy is gehoorsaam om iets te verkry of iets te vermy!

Om יהוה te *sh'ma* is om te handel (op te tree; te doen) volgens onderrig en instruksie, maar op grond van 'n liefdesverhouding!! Om יהוה se Torah te gehoorsaam is dit wat jy uit liefde wil doen! Gehoorsaamheid uit liefde verwag niks in ruil terug nie!

Bill Bullock beskryf dit soos volg: *To sh'ma is to respond to someone one trusts, to follow that person's lead, to participate in that person's agenda, and to commit all one's heart, soul, and strength to fulfill that person's will.*

Die basis van *sh'ma* is dus liefde vir Vader-God. *Sh'ma* is 'n verbondsreaksie – dit is dit wat verbondsvennote wil doen.

Ons *sh'ma* Torah nie om gered te word nie, maar omdat ons gered is weens die onverdiende guns deur vertrouwe in Yeshua as Die Gesalfde Een, en omrede ons daarna verlang dat יהוה in ons midde moet woon.

Indien ons slegs Torah-gehoorsaam is vir die seëninge beweeg ons in die rigting van wettiesheid (*legalism*). Dan word Torah-gehoorsaamheid 'n vermoënis. Dan word daar dikwels vir 'n ander plan gesoek om die seëninge te ontvang – soos byvoorbeeld die leringe van die voorspoedleer. Dan soek ons die seëninge en nie die Gewer van die seëninge nie. Soek eerstens die Vaderhart, en dan sal die Vader se hand ook gevind word. Daarom het Yeshua gesê dat ons eers יהוה se koninkryk en Sy geregtigheid moet soek, want dan sal al die ander dinge vir ons bygevoeg word (Matt. 6:33).

Onthou: Torah-gehoorsaamheid is nie 'n vermoënis of 'n las nie, want Yeshua het gesê:

**28** Kom na My toe, almal wat moeg gewerk is en gedwing word om laste te dra en Ek sal julle rus gee.

**29** Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is vredevol en nederig van verstand, wil en emosie en julle sal rus vind vir julle gees,

**30** want My juk is aangenaam en My las is lig.” Matt. 11:28-30.

Gehoorsaamheid aan Torah is 'n aangename (sagte) juk en 'n ligte las. Dit is die skrifgeleerdes en die Fariseërs, asook Rabbynse Judaïsme deur die eeue, wat met al hulle toevoegings tot יהוה se Torah van gehoorsaamheid aan יהוה 'n las gemaak het!

want hulle bind swaar laste en sit dit op die skouers van die mense, maar hulle is nie gewillig om hulle vinger te verroer en daaraan te raak nie. Matt. 23:4.

Om יהוה se Torah ywerig te gehoorsaam is, soos reeds genoem, 'n hartsaak. Volgens die Skrifte is die hart nie net die setel van ons emosies nie. Nee, dit is verteenwoordigend van ons gedagtes, van ons intellek en van ons wil. Om te *sh'ma* is soos 'n bruid wat uit liefde vrywillig onder die beskerming van haar bruidegom staan as haar voorsiener en om hom te

volg en sy hulp te wees. Die letter(like) van Torah (die wet) is wel belangrik, maar nog belangriker is die Gees van Torah en die gesindheid waarmee jy en ek gehoorsaam is.

Ons moet ywerig gehoorsaam wees sodat יהוה in ons midde kan woon en ons Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid in ons alle daagse lewe kan ondervind!

### Bepeins of Bespreek

1. Sal jy Torah-gehoorsaam bly al ontvang jy nie een enkele seën nie?
2. Ons Afrikanervolk het sedert April 1652 die geleentheid gehad om יהוה se Torah te *sh'ma* (te gehoorsaam) en om van hierdie land 'n "tabernakel" te maak waar יהוה in ons midde kon woon. Het ons geslaag? Het dit nie tyd geword om te erken dat die Christendom in hierdie land en in hierdie opsig misluk het nie? Is dit tyd vir ernstige selfondersoek en tyd om op te hou kla en vinger na ander te wys?
3. So dikwels word by groot byeenkomste van verootmoediging 2Kron. 7:14 as sleutelteks gebruik en wat lees: *as My volk, wat in My Naam geroep is, hulleself verneder (vas), bid, My Teenwoordigheid soek en wegdraai van hul verkeerde lewenswyses, dan sal Ek vanuit die hemel hoor, hulle sondes vergewe en hulle land genees.* Maar hoe kan verwag word dat יהוה-God die gebede moet verhoor wanneer ons 'n volk is wat weier om die vierde gebod van die Shabbat te onderhou? Lees wat sê Salomo in Spr. 28:9!!

### Haftorah Bespreking

#### 1Sam. 15:2-34: Goeie Bedoelings; Is Dit Goed Genoeg?

Hierdie week se Haftorah sluit aan by die Torahskriflesing, want beide het te doen met gehoorsaamheid, naamlik om dit wat יהוה beveel, nougeset te doen! So lees ons wat Sameul aan koning Saul gesê het:

<sup>2</sup> So sê יהוה-Tzva'ot: 'Ek sal `Amalek straf vir wat hy aan Yisra'el gedoen het, hoe hy homself teen hom gestel het op die pad terwyl hy uit Mitzrayim uit gekom het.

<sup>3</sup> Gaan nou en verslaan `Amalek en vernietig alles heeltemal wat hy het en moet hom nie spaar nie, maar maak dood beide man en vrou, kind en suigeling, bees en kleinvee, kameel en donkie."

Die gebeure wat hierop gevolg het, is bevestiging dat die mens se goeie bedoelings nooit 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan יהוה kan wees nie. Dit is die les wat beide Saul en Dawid ondermeer geleer het. Hierdie les geld ook vir elkeen van ons vandag, naamlik dat יהוה, ons Vader, gehoorsaamheid vereis en nie goeie bedoelings nie.

Nadat Saul as koning gesalf is, het hy in opdrag van יהוה gegaan om die Amalekiete te verslaan. יהוה het duidelik aan Saul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Saul mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Saul alles met die banvloek moet tref (1 Sam. 15:1-3). Na die oorwinning het Saul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1 Sam. 15:4-9).

יהוה het toe deur die mond van Samuel vir Saul gekonfronteer met die woorde: *Waarom het jy dan nie na die stem van יהוה geluister nie en op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van יהוה?* (1 Sam. 15:19). Saul se verweer was egter dat die bedoeling was om die

beste van die bangoed as offer aan יהוה op Gilgal te bring. Hierop het Samuel vir Saul geantwoord:

22 Sh'mu'el het gesê: “Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme,  
 23 want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”  
 24 Toe sê Sha'ul vir Sh'mu'el: “Ek het gesondig; ek het waarlik die bevel van יהוה en u woorde oortree, want ek was bang vir die manne en het na hulle stem geluister;  
 25 daarom, asseblief spreek my sonde vry en keer terug saam met my dat ek יהוה kan aanbid.” 1Sam. 15:22-24.

Saul se goeie bedoelings het nie opgemaak vir sy ongehoorsaamheid nie. Ongehoorsaamheid aan יהוה is sonde en bring oordeel. Inteendeel, weens Saul se ongehoorsaamheid was hy sy koningskap kwyt. יהוה, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is sonde wat gelykstaande is aan waarsêery en afgodery. Hoe maklik kan ons ook met goeie bedoelings probeer om gehoorsaamheid te vermy.

Soos Saul is ons ook dikwels vir ons geliefdes en familie bevrees (1 Sam.15:26) en volg dan, teen ons beter wete, eerder die pad van ongehoorsaamheid. Ons kan nie vir Vader God iets in die plek van gehoorsaamheid aanbied nie. Indien ons moedswillig ons Vader se onderrig en instruksies (Sy Torah, die wet) oortree, is ons beste bedoelinge nie goed genoeg nie! Ongehoorsaamheid is sonde en sal gestraf word.

Dink ook aan Kain en Abel. Beide het aan יהוה 'n offer gebring, maar slegs Abel se offer was aanvaar, want dit was volgens יהוה se vereiste. Kain se goeie bedoelings deur van die vrugte van die land as offer te bring, is deur God verwerp (Gen. 4:3 tot 5). Indien יהוה slegs goeie bedoelings as vereiste gestel het, dan sou Hy ons daarvan vertel het. יהוה is die wetgewer (Jak. 4:12) en vereis gehoorsaamheid van elkeen van ons. Ons goeie bedoelings word juis deur ons gehoorsaamheid openbaar. Ongehoorsaamheid kanselleer alle goeie bedoelings!!

In Deut. 12:30 en 31 lees ons die volgende:

30 let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?’ nie.  
 31 Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode.

Talle gebruike en tradisies van die Christendom en Rabbynse Judaïsme het 'n heidense oorsprong. Wat is dit anders as om te vra: *Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien.....dat ek dit ook so kan doen?* Goeie bedoelings gaan nie maak dat יהוה dit nie meer as 'n gruwel sal beskou nie! Indien יהוה sê dat iets 'n gruwel is, dan is dit, en bly dit, 'n gruwel. Indien dit wat ons doen en glo 'n afgode oorsprong het wat ver-Christen of ge-Judaïseer is, bly dit steeds 'n gruwel in die Vader se oë en sal ons goeie bedoelings dit nie verander nie.

Die Yisra'eliete het ook 'n goue kalf gemaak en Aäron het gesê: *Môre is daar fees tot eer van יהוה* (Ex. 31:5). Hierdie goeie bedoelings was egter 'n gruwel vir God. Hoe kan die mens afgodery meng met aanbidding van die ware Skepper-God en dit dan beskou as tot eer van יהוה?



Kersfees is 'n *goue kalf* wat in die plek van die feestye van יהוה (Levitikus 23) tot eer van Yeshua gehou word. So ook word die goeie bedoelings van Sondagaanbidding as alternatief vir die Shabbatgebod (Ex.20:8 tot 11) aangebied. יהוה die Skepper-God aanvaar egter nie goeie bedoelings as plaasvevranger vir gehoorsaamheid nie!!

Deur Yeshua as Die Gesalfde van יהוה te verwerp, het Judaïsme vir hulle 'n afgod geskep. En om die gesag van die Talmud bo die van die Tanakh te verhef, is om die eer aan hierdie afgod te gee! Soos die Christendom het Judaïsme die Karakter en Outoriteit van die Enigste Lewende God verander! Beide groepe het die ywer vir God, maar hulle ken nie יהוה se geregtigheid nie.

Die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het vreemde vuur voor die aangesig van YHYVH gebring en het as gevolg van dit gesterf (Lev. 10:1 en 2). Beide Nadab en Abihu was opgelei as priesters en het geweet wat יהוה vereis, en tog het hulle 'n alternatief in die plek van gehoorsaamheid vir יהוה aangebied. Onthou: Die mens kan nie by God se Woord byvoeg, wegneem of daaraan verander nie. Al is ons bedoelings hiermee opreg, is dit soos om vreemde vuur voor יהוה se aangesig te bring. Dit is onaanvaarbaar!!!

Ons kan wel sê dat Saul se bedoelings nie absoluut opreg was nie, maar dat hy op die oomblik wat hy gekonfronteer was 'n vinnig uitweg uitgedink het. Maar wat dan van Dawid? Sy bedoelings met die haal van die verbondsark by die huis van Abinadab was sekerlik suiwer en opreg.

Dawid wou die verbondsark na twintig jaar terugbring om dit weer in die midde van die volk te plaas. Hy wou weer die heerlijkheid (Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid) van יהוה terugbring na Yisra'el. Hulle het die ark toe op 'n nuwe wa geplaas en Dawid en die hele Yisra'el het uitbundig voor die ark van God gedans, terwyl hulle deur musiekinstrumente begelei was (1Kron. 3:6-8). Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, het Ussa die ark met sy hand gestut, want die osse het gestruikel. יהוה se toorn het egter toe ontvlam en Ussa het daar langs die wa gesterf (1 Kron. 13:9-10).

Dawid was erg ontsteld en het daardie dag vir God bang geword en gevra: *Hoe kan ek die ark van God na my toe bring?* (1 Kron. 13:12). **Daardie dag het Dawid besef dat sy goeie bedoelings nie goed genoeg was nie!!** Hy moes gaan uitvind wat יהוה se vereistes was om die ark terug te bring. Hy moes dit volgens God se onderrig en instruksies doen (1 Kron. 15) en nie volgens die van mense nie. Alleenlik toe is die verbondsark suksesvol teruggebring en was die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה weer in hulle midde.

Hoe dikwels probeer ons יהוה ons God en Vader vereer en aanbid op mensgemaakte wyses! Ons probeer God se heerlijkheid volgens ons eie menslike pogings terugbring. Ons bedoelings mag opreg wees, maar as dit nie volgens יהוה se wil is nie, kan ons dalk ook geestelik sterf. Ons moet onself ondersoek om seker te maak dat ons in alles יהוה vereer en aanbid op 'n wyse wat Sy Teenwoordigheid in ons midde sal terugbring. Die beste mensgemaakte metodes is nie goed genoeg nie!!

Dikwels maak ons die woord van God kragteloos deur vas te hou aan die oorgelewerde gebruike en sieninge van mense (Mark. 7:13). Hierdie gebruike en sieninge leer ons weer ons kinders sonder om ooit die vraag te vra of dit werklik יהוה se wil is.

Wanneer laas het jy jouself die volgende gevra: *Hoekom glo ek wat ek glo, en hoekom doen ek wat ek doen?* Indien ons anders glo, en ons persepsie van יהוה anders is as die waarheid in die Woord, dan is ons besig met afgodery. Dan ken ons nie die ware Skepper-God nie en kan

ons Hom nie behaag nie. Dieselfde geld ten opsigte van dit wat ons doen. Ons beste bedoelings is nie goed genoeg vir יהוה indien dit nie volgens Sy wil is nie.

Ons behoort selfondersoek te doen en seker te maak dat ons nie besig is met goeie bedoelings nie, terwyl ons inderwaarheid ongehoorsaam is aan יהוה se onderrig en instruksies – Sy Torah. As ons die Vader waarlik liefhet, sal ons alles doen soos wat Hy ons beveel het!

15 As julle My lief het, voer voortdurend My opdragte uit.

21 Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.”

23 Yeshua antwoord en sê vir hom: “As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Joh. 14:15, 21 en 23.

*You express love by obedience – Jack Hyles.*

*Love is not just a sentiment. Love is a great controlling passion and it always expresses itself in terms of obedience – Martyn Lloyd-Jones.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Hoeveel seënninge is ons dalk kwyt weens ongehoorsaamheid? Het jy jouself hierdie vraag al gevra?
2. Is ons nie ook dikwels besig om dinge wat Vader as ‘n banvloek beskou aan Hom te probeer offer nie? Dit wat met die banvloek getref is, is dit wat ons uit ons lewe moet verban. Dit moet vernietig en uitgeroei word en ons mag niks daarmee te doen hê nie!! Lees Deut. 7:26.
3. Is jy in alles aan Vader gehoorsaam of dink jy vertrou in Yeshua as Die Gesalfde Een en goeie bedoelings is voldoende om die geregtigheid van God in Yeshua te wees?? Jy mag opregte ywer vir יהוה hê, maar as jy nie Sy geregtigheid ken en doen nie, dan is jy besig om jou eie geregtigheid op te rig. Dan onderwerp jy jou nie aan יהוה se geregtigheid nie (Rom. 10:2-3) en is jy nie die geregtigheid van God in Yeshua nie!!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*